

Hoofstuk van die dag: Markus 6

Is hy dan nie ’n timmerman, ’n seun van Maria en die broer van Jakobus, Joses, Judas en Simon nie? En is dit dan nie sy susters wat hier by ons woon nie?” Die mense wou niks van Hom weet nie. (vers 3)

Wat hier met Jesus gebeur het, is nie so vreemd nie. ’n Mens se verlede het dikwels ’n houvas op jou. Jy is dalk aan die verkeerde kant van die spoorlyn gebore, en vir party mense (en dalk vir jouself) bly dit wie jy is. Dit maak dat mense op ’n bepaalde manier na jou kyk of oor jou dink. Jy is deur ’n egskeiding. Jou onderneming het gevou. Mense onthou dit, en dit vorm die agtergrond waarteen hulle na jou kyk. Die ergste van alles is: jyself onthou dit ook.
Wat doen Jesus? Hy het Hom nie deur mense se opinie laat voorskryf nie. Wat mense gesê het, het nie sy identiteit bepaal nie, want sy identiteit het in God gelê, en in sy roeping as Gestuurde van die Vader. Daarom verlaat hy Nasaret en gaan doodeenvoudig voort met sy werk (vers 6).
Hierin kan ons Hom navolg. Jou ware identiteit lê in God. Jy is met Jesus se bloed gekoop. Jy is ’n Koningskind!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026